To his amazement, he discovered that all of the hay-stacks had been covered with tarpaulins. The cows were in the barn, the chickens were in the coops, and the doors were barred. The shutters were tightly secured. Everything was tied down. Nothing could blow away.

The farmer then understood what his hired hand meant, so he returned to his bed to also sleep while the wind blew.

**MORAL OF THE STORY:**  
When you are prepared, spiritually, mentally, and physically, you have nothing to fear.



Can you sleep when the wind blows through your life? The hired hand in the story was able to sleep because he had secured the farm against the storm. We secure ourselves against the storms of life by grounding ourselves in the Word of God. **We don't need to understand, we just need to hold His hand to have peace in the middle of storms.**

**"Therefore, every [one] who hears these words of Mine and does them, I will compare him to a wise man who built his house on the solid rock; and the rain came down, and the floods came, and the winds blew, and they beat against that house, and it did not fall, for it had been founded on the solid rock" (Matt. 7:24-25).**  
- Selected

# HOEKOM GLO EK IN GOD?

**Ek het Hom nodig! So hier is my antwoord...**

**Ek glo in God, want partykeer is die wêreld so ongelooflik wonderlik en dinge werk so goed uit dat my siel uitroep vir iemand om voor dankie te sê.**

**Dan is dit Hy!**

**Ek glo in God, want soms is die berge en die sonsondergang en die wolke en die maan so mooi dat ek iemand nodig het om te prys. Iemand moes dit gemaak het.**

**Dis Hy!**

**Ek glo in God, maar partykeer gebeur goed wat so onbeplan is en so seermaak en dan voel dit vir my asof niemand verstaan nie. Maar dan onthou ek die spykers in Sy hande en die aan die kruis. Dan weet ek iemand huil saam met my.**

**Dis Hy!**

**Ek glo in God, maar partykeer is ek so deurmekaar en die lewe so sinneloos en my drome lyk onbereikbaar. Dan het ek iemand nodig om saam met my die pad te stap en vir my die rigting aan te wys.**

**Dan is Hy daar!**

**Ek glo in God, maar partykeer is ek so dom en ek doen sulke simpel goed. Dan mors sonde my hart en my lewe so op en maak ek ander mense so seer... En dan het ek nodig dat iemand vrede en wysheid bring.**

**Dan is Hy daar!**

**Hy maak heel wat ek verbrou het! Hy bring genade selfs in seer wat ek veroorsaak het!**

**Ek glo in God, want partykeer weet ek niks. Ek het leiding en wysheid nodig in 'n deurmekaar wêreld wat ek nie verstaan nie.**

**Dan skryf Hy vir my in die Bybel en ek lees Sy Woord en hoor Sy Stem en dinge maak weer sin! Ek glo in God, in Jesus, in Sy Gees,**

**want Hy's daar! Heeltyd! Altijd!**

**In alles waardeur ek gaan - maak nie saak hoeveel keer ek dieselfde foute maak nie... Hy is daar! Ek glo in God, want ek sien nie kans om ooit alleen te wees of enigiets alleen te doen nie.**

**As jy kos in die yskas het, klere aan jou lyf, 'n dak oor jou kop - is**

**hy ryker as 75% van alle mense op aarde. As jy geld in die bank het, in jou beursie, en nog kleingeld in 'n bottel, is jy onder die 8% rykste mense op aarde.**

**As jy vanoggend wakker geword het met meer gesondheid as siekte, is jy meer geseënd as die miljoene mense wat nie hierdie week sal oorleef nie.**

**As jy nog nooit in 'n oorlog was nie, nog nooit in die tronk nie, nog nooit gemartel is nie, en nog nooit honger gely het nie, is daar 500 miljoen mense wat slechter af is as jy.**

**As jy 'n kerkdiens kan bywoon sonder enige vrees van aanvalle, arrestasie, marteling of dood, is jy meer geseënd as 3 miljard mense in die wêreld!**

**As albei jou ouers nog lewe en boonop getroud is, is dit 'n uitsondering!**

**As jy jou kop kan optel met 'n glimlag op jou mond en regtig dankbaar is vir jou seëninge, is jy gelukkig, want baie mense kan,**

**maar doen dit nie... As jy hierdie boodskap kan lees, het jy 'n dubbele seën ontvang: iemand het aan jou gedink en jy is voortrek bo miljoene mense wat glad nie kan lees nie.**

**Geniet jou dag, tel jou seëninge, en deel hierdie gedagte met iemand anders, sodat ons almal kan onthou hoe gelukkig en geseënd ons werklik is!!**

**"Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie?" (Matt. 6:22-23).**

#### Gebed:

**Ons Hemelse Vader, help my asseblief om my lewensperspektief te verander. Ek wil graag U Lig vir die wêreld wys. Dankie Here. Amen.**

**[Hierdie boodskap is uit 'n baie ou koerant uitgeskeur en dis so waar! Moet hom nie vir jouself hou nie, stuur aan en laat almal hul seëninge raaksien!]**

## Tien Belofte...

**[Ek het nog nooit die "Tien Gebooie" só mooi gehoor nie!]**

#### Eerste belofte:

**As Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die ereplek in jou lewe hê!**

#### Tweede belofte:

**As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om gesnede beeld van My te maak nie, want jy sal self My beeld dra!**

#### Derde belofte:

**As jy My liefhet, sal My Naam nooit 'n vloekwoord oor jou lippe kan wees nie, maar in alle omstandighede deur jou eerbiedig en gerespekteer word!**

#### Vierde belofte:

**As Ek die ereplek in jou lewe het, sal die rusdag die hoogtepunt van die week vir jou wees. Dit sal vir jou 'n vreugde wees om in die gemeenskap van die gelowiges My te aanbid. 'n Dag om na uit te sien, nie om teen op te sien nie!**

#### Vyfde belofte:

**As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal nie vir jou moeilik wees nie, want agter hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies het!**

#### Sesde belofte:

**As jy My liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak!**

#### Sewende belofte:

**As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrouw te wees nie. As Ek 'n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal ek in My Hande bewaar en vashou!**

#### Agtste belofte:

**As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daagliks vra: "Aan wie en waar kan ek aan 'n ander iets gee?" En jy sal nooit iets van 'n ander wil neem nie.**

#### Negende belofte:

**As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Deur My Gees sal jy 'n mens wees wat van 'n ander niks sal sê as dit nie iets goeds is nie!**

#### Tiende belofte:

**As jy één met My is, sal My Gees jou tevredenhed gee om vergeenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!**

## The Story of Cyprian


**"I will give you a new heart and put a new spirit within you" (Ezekiel 36:26 NKJV).**

Cyprian was a wealthy nobleman who lived during the third century. He had a golden and bejewelled chariot, wore fancy clothes studded with diamonds and precious stones, and lived a debauched life.

Cyprian wrote a letter to one of the Christian theologians of his time, saying he couldn't possibly imagine how he could change his life. The long-standing habits, tastes, and desires that he had developed, the sins he clung onto - how could he possibly give those things up? How could he ever become like the Christians he saw?

To him it seemed totally impossible. But by the divine power and grace of God, things that seem totally impossible can happen, and so Cyprian was transformed. God reached down and took out Cyprian's stony heart and placed within him a heart that was tuned to loving God and singing His praises.

Cyprian was so totally transformed that he went on to become one of the great Chris-



tian leaders of the Early Church.

We may not understand how our old natures, habits, and sins can be completely turned around. But the good news is that we don't have to understand. We just have to trust in Jesus and be born again.

All kinds of people have experienced the regenerating power of God and enjoy a new life in Jesus. And we can experience it too!

So what now? Pray for those you know who don't yet know Jesus. Ask God to soften their hearts and step into their life. Even if they think change is impossible for them, be persistent in your prayers for them.

# MANY YEARS ... MANY MIRACLES

by Dr Bibi Bosch

We sometimes look for what we term as "big miracles" - someone walking from their wheelchair, or blind eyes opening. However, God does a myriad of miracles for us from day to day, and they are all "big".

On 8 January 2023, God did another miracle for me. Since my current computer is no longer worth the effort and money to repair, I need a new computer - one that can edit videos. Through two friends, God provided two-thirds of what is needed.

Then a friend, Rita, asked emphatically that the Lord will lead me to only the very best computer for what I need to do. She also prayed for other needs.

Within 18 hours of Rita's prayer, the Lord performed the miracle that she had asked for! I was busy telling a married couple why I have not yet responded to their invitation to help them in their ministry. I was busy with a project involving about 3 to 10 million people who will receive my translated books in a restricted nation. This was taking all my time at present. I told them how the enemy tried to stop me via my computer that broke. He responded by saying he was going to buy me a new computer! When I mentioned the specifications of what I needed, he raised the bar to something even better! Are we sometimes awestruck because we do not really expect the miracle, even though we had asked for it?

For the past 45 years, I have said "yes" to the call of God on my life as a career missionary. The first thing that I was worried about, was, "But who will support me financially?" This was my question at the age of 18 in 1976, while brushing my teeth just before leaving for the weekly prayer meeting at church. While waiting for that prayer meeting to start, I read the next portion of Scripture from where I usually would be reading. God was answering my question from Luke 22:35, "*Then Jesus asked them, 'When I sent you without purse, bag or sandals, did you lack anything?'* 'Nothing,' they answered."

The Lord was putting my mind at ease, that I had nothing to worry about - as a loving Father, He would provide. And after 35 years (out of 45) on the mission field, He is still doing this,

regardless of on which continent I am working. And He is still providing for me, like He did yesterday with the computer. Please allow me to tell you some of these miracles that I experienced along the way - miracles of provision from the Father's loving Hand.

Until now, the Lord has been raising people to stand with me while I am in the mission field, and I am extremely grateful for their faithfulness in helping me - they are investors in the Kingdom of God! Throughout the past 35 years, whether out on the mission field or even working from home during Covid lockdowns, the Lord showed me His immense faithfulness and love via one miracle at a time. Some regularly gave me clothing, while others provided supplements, meals, car tyres, medication, maintenance services, accommodation, furniture, a holiday, flight tickets, and even two computers. **I honour and thank Him for His generous provision!**

In 1981, I was asked by a friend whether I wanted to buy their car. When I prayed about this, I had peace about buying it, but I still needed an extra R440, over and above what I had saved over years until then. An acquaintance called me to ask if I will type her a big table stretching over two A3-pages. After doing the work, she asked what I needed, because, "I don't want to give you something that you do not need." She did not wait for a reply, and the next day, she dropped a bouquet of flowers, a card and a concert ticket. I was grateful, but my heart dropped into my shoes. My friends encouraged me to ask the Lord to tell her that I needed R440, but I hesitated. Without any contact between her and me or any of my colleagues on the field, the next day she dropped an envelope containing exactly R440!

Just before returning to the mission field after a period of time out at home, I arrived at work for my last day. I thanked God for His provision during my lengthy time at home, and unwisely added, "Father, I trust that You will provide for me on the mission field, just like You did here." The Lord rebuked me, "I do not provide for you because you are working for Me, but because of My intense love for you as your loving Father." I asked the Lord for His forgiveness.

One sunny day in 1978, I read the portion about the crows providing meat for Elijah at the brook of Kidron. A thought dropped into my heart that God will use "crows" to provide for me. Thus, His provision will come via unlikely sources or origins.

That afternoon, during my daily walk in our neighbourhood in Windhoek, Namibia, I saw a lady whom I knew, but had last seen her four years prior in South Africa. We started talking, and the next day she fetched me with her car, took me to a pharmacy, and told me to choose anything that I needed, and with that, a most beautiful coat that she had in her home. The Lord truly sent a "crow" to provide!

When I left for my first long-term assignment overseas in 1993, I started praying for a computer for the purposes of teaching notes. Without him knowing about this need, the Lord used a man to give me R3 000 toward this purpose. When I arrived in England, adding the money that I had earned to the gift of R3 000, I could buy a new but dead computer without any software. In faith, I bought the computer, trusting the Lord for the £64 (Sterling Pounds) for the software. That same week, a Danish colleague received a cheque from Canada and instantly knew this was not "her money", so she asked the Lord who this was for. He showed her that I needed that money. She confided in a close friend to hear whether I needed money, and how much. Her cheque from Canada was for exactly £64!

We did not grow up in an affluent family - we did not have it broad. I think that sometimes we then do not expect or ask for any luxuries, not even from God. But God, Who knows our most intimate thoughts, delights in providing some treats. While working in Manila, Philippines, I walked into my room after lunch, and had a craving for rusks - a South African snack of hard-baked bread that one can dip into coffee. I knew that I would not find it anywhere outside of South Africa, and told myself to just do without it.

Fifteen minutes later, a South African friend who lived 45 minutes' drive away, called to ask, "Do you like rusks?" Wow! She was baking them and I came to her mind. God is awesome in His care!

Many years later, on a pineapple farm in southern Philippines, I opened the fridge. I thought about having heavy bread, but in the Philippines, the normal man in the street eats a sweet light-weight bread. Instead of asking my Father in faith for heavy bread, I shoved this craving as an impossibility. That very next morning, I needed to go and meet a missionary in town. At the end of my conversation and then 45 minutes of e-mailing, she put a big, heavy, home-baked bread, fresh from the oven, in front of me and said it was mine! This lady asked me whether I had butter at home, and I replied that I had margarine. She returned with a huge lump of real butter. Within 24 hours, the Lord gave me what I had craved for, and butter, even if it was not a life-or-death situation at all!

One day, in the far north-west of the Philippines, I sat in a lounge, waiting for my host. I noticed that one button of my blouse had gone loose. I wondered where I would ever find an olive-green portion of thread to secure the button. Without even asking, my Father had already put the exact length of olive-green thread on the floor, less than one meter away - right in front of me! I believe that He sends angels, and He provides even before we can ask!

Sometimes supporters can, out of necessity no longer support me, and then, before I can pray about it, the Lord raises someone else to provide, without me telling any human being about it.

One church asked me recently to clarify why they need to continue supporting me every month. I wrote the letter in trepidation, but left the outcome to the Lord. Instead of dropping me, they increased their monthly support. I can also tell you about telephone booths that worked without any money for an hour when I needed to urgently consult with my mother about a problem, about how He miraculously provided friends, as well as train tickets and two telephone tickets from complete strangers in France, as well as many other miracles, but this article needs to suffice. God is good... all the time!

All honour and glory to the Lord Who is our generous Provider! He loves us unconditionally! He is the God of miracles - big and small!

# WALKING INTO 2023 WITH JESUS

**M**oses required from the Lord, "Teach us to number our days, so we may gain a heart of wisdom" (Psalm 90:12).

Time is a gift we receive from a good, gracious, loving, Heavenly Father. If we want to walk in His ways this new year, we need to learn to use our time wisely.

Ephesians 5:15-16 states in the AMPLIFIED BIBLE, "Therefore see that you walk carefully [living life with honour, purpose, and courage; shunning those who tolerate and enable evil], not as the unwise, but as wise [sensible, intelligent, discerning people], making the very most of your time [on Earth, recognizing and taking advantage of each opportunity and using it with wisdom and diligence], because the days are [filled with] evil."

We CAN experience joy, even when hardships face us, or the world deteriorates around us. We can only experience this kind of joy by "looking to Jesus, the Founder and Perfecter of our faith, Who for the joy that was set before Him endured the cross, despising the shame, and is seated at the right hand of the throne of God" (Heb. 12:2). Jesus

knew that the pain and suffering of the Cross would lead to our redemption and spiritual freedom. His joy can become ours when we seek Resurrection power and embrace Christ fully! We can manage our circumstances because in doing so we get to know the God who mercifully ordains them for our joy.

Christ's love and our faith in Him enables us to overcome doubts, temptations, difficulties and to be victorious! "This is the love of God; that we keep His commandments. And His commandments are NOT burdensome. For everyone who has been born of God overcomes the world. And this is the victory that has overcome the world - our faith" (1 John 5:3-4).

We are never alone. Christ's eyes are always on us. In 1908, Minnie Louise Haskins wrote a poem called the "Gate of the Year" which has become famous. I would like to quote the following part - "And I said to the man who stood at the gate of the year: 'Give me a light that I may tread safely into the unknown.' And he replied: 'Go out into the darkness and put your hand into the Hand of God. THAT shall be to you better than light and safer than a known way.'"

Thank You, Precious Jesus, that we can place our hands into Your beautiful, nail-scarred Hands as we walk into and through this new year. Thank You that You keep us safe, secure, and even joyful when our trust is in You. Please help us to focus on You, on Heaven and Eternity where You are preparing a place for us, to live with You forever and ever. We love and worship and adore You, King of kings, our Good Shepherd and Saviour!

- Gillian Myrtle Grimm-Turunen

--- 000 000 000 ---

I am called by my second name Myrtle/Myrt or Myrtti. I was born in a semi-desert region in South Africa, in Salt Lake, Northern Cape, close to Douglas and Kimberley, on 25 August 1948. I attended Grahamstown Teacher's Training College (PTC and IST) and I taught in quite a few South African Government schools and married a German engineer in Kimberley where our eldest son was born. Later we moved to Natal where our daughter was born and where we got involved in missionary work. Unfortunately, my husband died but, as a widow, I continued working for 14 years as a missionary teacher, while also

assisting to establish two big mission schools in KwaZulu Natal and lecturing teachers in training at a Christian Teacher's Training College.

Afterwards I moved to George where I helped our church establish care centres for street kids, and where we fed, clothed, and evangelized them. Once my kids were independent, I longed to return to mission work, so I joined NICS [Network of International Christian Schools] whose head office is in Southaven, Mississippi.

I travelled world-wide as a missionary teacher to assist various schools and churches in teaching and conducting Children's Church and Adult Sunday School classes, addressing Youth groups, presenting sermons and Bible Studies, visiting & encouraging the elderly at Old Age and Alzheimer's Homes, helping at summer camps, encouraging war vets at Rehab centres, being an advisor for new missionaries and facilitating women's Bible studies and teaching in school classes in many states and countries, I later married my Finnish husband who is also passionate about Jesus and spreading the Gospel.

## U ken vir my... (Psalm 139)

**H**ere, U ken vir my. U, wat die hemel met U eie Hand afgemeet het. U wat die blokkie getrek het en ingekleur het, die wolkies soos watte gevou en teen die blou neergesit het... U wat afgebuk het, en die sterretjies een vir een op hulle plekke gaan neersit het. U wat vir die son sy hoekie gegee het en elke ooggend stil aan hom raak en sag vir hom sê hy moet lig maak. U wat die maan soos 'n legkaart aangeklaarsit het, en sommer vir die mooi vir elke stukkie 'n kans gee om te skyn... elke aand. U wat die aarde se hoekies geteken het, en binne-in daardie hoekies met U eie Hande die hopies berge neergesit het... een vir een vir een. U wat sorgvuldig die sandkorrels afgetel het sodat dit vir die see 'n heining kan maak. U wat 'n streep trek in die sand en vir die branders sê op watter plekkie dit maar mag breek. U wat groter is as die see en die hemel en die berge... U wat U hand lig vir die storm en kyk hoe dit stil-stil rustig raak en gaan lê... U ken vir my.

**U ken vir my, Here.** U wat groot en wys en magtig is, U ken vir my. U

weet nie net van my nie. U neem nie net kennis van my nie. U stap nie net toevallig verby my en sien my so in die verbygaan raak nie. U ken vir my. U ken my naam. U ken my hart wat ek partymaal so diep in my lyf gaan wegsteek. U ken my bang en my trane en my bly en my stukkies hoop. U weet van elke stukkie pad wat onder my voete lê. U ken my dink, nog voordat my mond dit hardop kan sê. U ken vir my.

U ken vir my, Here. Toe ek nog maar 'n gedagte in die hemel was, het U al stil geglimlag oor my, my menswees opgewonde bymekaar begin sit... stukkie vir stukkie aangeklaars. En toe het U U asem deur my geblaas, sommer so sag, en my voete stil-versigtig op die paadjie gesit, die paadjie wat U wou hê ek op moes loop. U blywees het in my oë gelag. Dit is vir my wonderlik dat U my so lief het, Here! Dat U my gemaak en gevorm het, met soveel erns, soveel teerheid, soveel versigtigheid, soveel liefde, soveel vreugde...

U ken vir my, Here. Nog voordat

my voete hulle eie paadjie begin stap het, het U al elke dag van my lewe in U Hemelse Dagboek neergeskryf. Nie net 'n datum en 'n jaar nie, Here. Elke stukkie lag borrel in U boek, elke stukkie bang word dag vir dag toegevou in U liefde, elke traan word in U Dagboek se bekertjie opgevang en getel. Want U weet hoeveel trane my oë kan huil, Here. U ken my. U weet hoeveel borrel-laggies nodig gaan wees om my wêreldjie 'n beter plek te maak. U weet hoeveel bang hierdie hart kan hanteer. Elke dag is in U Dagboek opgeteken, met sorg nagegaan, stil beplan... tot op die laaste bladsy.

Ja, Here, U ken my. U weet ook van die laaste bladsy in my Hemelse Dagboek. Ek dink U het geglimlag toe U daardie datum neergeskryf het... die dag wat ek vir altyd se altyd by U gaan wees.

Dit maak my hart bly om te weet U ken my. **Die God van hemel en aarde... ken vir my.** U is die God wat nie net elke dag se lewe in 'n Dagboek beplan en neergeskryf het nie. Nee. U is die God wat elke

dag saam met my loop tot wanneer ek en U by die laaste bladsy kom. U is die God wat glimlag wanneer die lag uit my lyf uitborrel. U is die God wat stil-stil langs my sit wanneer die verlang te veel word vir my hart om te dra. U is die God wat sag aan my raak wanneer die seer by my oë wil uitloop. U is die God wat my styn teen U vashou en stil vir my sê: "Moenie bang wees nie, Ek is hier, hier by jou."

En wanneer my wêreldjie onderstebo draai, Here, wanneer alles om my verander en dit vir my voel asof die bladsye in U Hemelse Dagboek skeur en vorniel en te vinnig begin blaai, is dit U wat my hand vat en saam met my loop... die onbekende in. Ek ken nie die pad wat mōre onder my voete gaan lê nie, Here. Maar ek weet U ken vir my. U, die God wat die hemel en die aarde gemaak het, en vir die storm beveel om eenkant toe te staan en rustig te raak. **U ken vir my.** In U hande is ek veilig en geborge en beskut. Altyd. En dis vir my genoeg. Amen.

Katrienkie@2021

# Die Nuwe Eienaar

'n Man sit een aand rustig in sy gemakstoel in die sitkamer en koerant lees. Aandete was reeds verby, die kinders gebad en in die bed en sy vrou elders in die huis besig.

Die volgende oomblik is daar 'n klop aan die deur en toe hy oopmaak, staan Jesus voor hom. Hy was baie bly om Jesus te sien, nooi Hom vriendelik in en vra Hom om te sit.

Terwyl hulle nog gesels, is daar weer 'n klop aan die deur. Die man maak die deur oop en voor hom staan die duivel. Die man sê toe dat hy Jesus as Gas het en dat die duivel dadelik moet weggaan. Met dié maak hy die deur toe.

Na 'n rukkie is daar weer 'n klop aan die deur. Weer staan die duivel voor die deur. Die man vra hom weer om weg te gaan, maar die duivel probeer met mag die deur oopstoot om in te kom.

Na 'n redelike gespoek, kry die man dit reg om die deur toe te druk en hy kom sit weer.

Skaars het hy gesit of daar is weer 'n geklop en weer is dit die duivel. Hierdie keer is hy en die man behoorlik in 'n stoeigeveg betrokke. Uiteindelik slaag die man tog daarin om die duivel te oorwin en die deur toe te druk.

Gehawend, vol knoppe en skrape en uitasem val hy in sy stoel neer.

"Jesus, ek verstaan dit nie. U sien hoe ek sukkel om die duivel uit die huis te hou, ek

het gebid en gevra dat U my moet kom help en U sit net hier en doen niks!" laat die man verontwaardig hoor.

"Maar Ek is net 'n gas in jou huis. Dit sal mos nie goeie maniere wees as Ek blant sou inmeng wanneer jy gaste ontvang nie," antwoord Jesus kalm.

Die man vertel toe vir Jesus dat hy baie las het van die duivel wat net altyd in sy huis wil inkom en dat hy al baie beserings opgedoen het in sy pogings om die duivel uit te hou. Dit was dan ook die rede waarom hy so ernstig gebed het dat Jesus tot sy redding moes kom. Hy wou toe by Jesus weet wat hy kan doen om hierdie aanslae permanent af te weer.

"Dis baie maklik," antwoord Jesus. "Gee jou huis vir My!" Die man was baie verbaas en ontsteld. "En wat dan van my en my vrou en my kinders? Waar moet ons dan heen-gaan?"

"Nee, jy verstaan nie mooi nie," antwoord Jesus. "Ek het net gesê jy moet jou huis vir My gee. Ek het nie gesê dat julle moet weggaan nie. Al wat verander, is dat Ek dan die nuwe Eienaar van die huis word. Jy en jou gesin bly nog steeds hier en gaan aan met julle lewens soos gewoonlik. Niks behalwe eienaarskap gaan verander nie!"

Die man oordink die aanbod 'n rukkie en stem toe in. Met dié is daar weer 'n geklop aan die deur. Die man wil opstaan, maar Jesus keer hom.

"Nee, nee, onthou Ek is nou die Eienaar van die huis. Ek sal die deur oopmaak."

Jesus maak toe die deur oop en voor Hom staan die duivel en 'n klomp van sy demone gereed om met mag en geweld die huis binne te storm. Toe hulle Jesus sien, deins hulle terug.

"Waar is die eienaar van die huis?" wil die duivel weet.

"Jy praat met die nuwe Eienaar van hierdie huis. Van hierdie oomblik af is nie jy of een van jou demone hier welkom nie.

Maak dat julle wegkom! Ek wil julle nooit meer hier sien nie!"

Verward en hals-oor-kop is die spul toe daar weg en het nie meer probeer om daardie huis te beset nie! Daarvoor was die nuwe Eienaar net een te veel vir hulle!

"Hy wat voor God kniel, kan voor enigeen staan."

*Ps. 127:1 As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.*  
- Oorgeneem

## Terug na die Gesin!

"Alles het verander," sê die dertigjarige televisieheld. "Wat my lam maak, is die oudmodiese definisies van die woord 'gesin'. Gesinne bestaan nie meer uit 'n pa en 'n ma in 'n eerste huwelik nie. Dit bestaan uit enkelouers en hul kinders, saamwoongesinne, hersaamgestelde gesinne, kruiskulturele gesinne met aangenome kinders uit ander wêreldstreke; jy kry nooit-getroude moeders, pa's wat kinders grootmaak."

In hierdie verandering lê 'n groot deel van die droefheid van ons bestaan. God se volmaakte plan vir die mens was om in 'n eenmalige huwelik met iemand van die teenoorgestelde geslag saam te leef. Sy plan was dat die huwelik vir altyd sou wees en dat kinders sou weet: as ek trou, is dit ook vir altyd. Elkeen wat op die allerpynlikste manier ontdek het hoe minderwaardig die mens se variasies op hierdie Goddelike plan is, sal weet dat God alleen jou ná die skending van Sy plan kan help om op te staan, te oorleef en 'n nuwe lewe te begin. Maar jy wat getroud is, weet jy hoeveel duisternis jy in jou huis toelaat wanneer jy woorde soos 'skei,' 'ons pas nie by mekaar nie...' en 'ek is nie meer lief vir jou nie...' begin gebruik? Ons maak ons lewe uitsigloos wanneer ons nie aan ons huwelike werk nie. Ons open die vensters vir uitsigloosheid en verdriet wanneer ons ophou om vir ons huwelik, ons lewensmaat en ons toekoms as getroudes te bid.

Ons definisies van die 'nuwe gesin' is patetiese nooddefinisies. God beveel ons om mekaar binne die gesin innig lief te hê. Só maak duisternis plek vir lig. Gebed: Here, seën my lewensmaat.  
- Oorgeneem

*Jer. 20:11*

★★★ B&B  *Uit die Hand*


v  
a  
n  
d  
i  
e  
H  
E  
E  
R

**KLERKSDORP**

BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS

**Skakel "Alte-Welkom"**  
082 492 2299  
018 468 1921  
[altewelkom@telkomsa.net](mailto:altewelkom@telkomsa.net)  
[www.altewelkom.com](http://www.altewelkom.com)

**AGS BAILLIE PARK**




Dienste @ 09:30 elke Sondag

PREDIKER: PAST. JOHAN NORTJE  
083 280 8971  
SONDAE OM 09:30  
WYNNESTRATAAT 18 POTCHEFSTROOM

**Pastoor Johan Nortje 083 280 8971**